

Sondag 20 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 5

Fokusgedeelte: Openbaring 5:6

Die bestaan van die wêreld berus op die werk van die Lam

Die betekenis van dié gedeelte is onder andere dat as die Seun van God nie in die vlees gekom het nie, het Hy nie die versoeningswerk tot stand gebring nie, en dan kon die wêreldgeskiedenis ook nie verder ontwikkel het nie. Die bestaan van die hele wêreld, en die ontwikkeling van die ganse menslike geslag, en ook die geskiedenis van die wêreld en die mensheid rus op die verlossingswerk van die Here Jesus Christus.

Die Seun is die Leeu en die Lam. Hy alleen is in staat om die seëls van die boek oop te maak. Die boek bevat al die raadsbesluite van God wat bepaal wat alles in die volgende eeue gaan gebeur. Wanneer Hy dit oopgemaak het, lees Hy nie voor wat daar staan nie - Hy laat dit wat daar geskryf staan, gebeur.

Vers 1 beskryf God in sy regerende majesteit met die boek in sy regterhand. Die regterhand dui daarop dat God in totale beheer van die geskiedenis is. Die boek is van binne en buite vol beskryf: dit vertel dat daar ontsaglik baie dinge is wat in God se raadsbesluit staan oor wat in die wêreld moet gebeur.

Die boek is egter deur verskillende seëls vasgemaak. Nie enige een kan die boek se seëls losmaak om die inhoud te bekom nie.

Daar is niemand in die hemel wat die boek kon oopmaak nie, en dit het Johannes so baie ontstel dat hy begin huil het. 'n Ouderling wys Johannes daarop dat daar 'n Leeu uit die stam van Juda is wat reeds oorwin het om die seëls van die boek oop te maak.

Kyk ook na presies wat die ouderling sê: Die Leeu HET die oorwinning behaal. Jesus se dood en opstanding was reeds verby. Johannes was self daar toe dit gebeur het. Nou staan hy in die hemel en die Here wys vir hom wat nou verder daarvan word.

Sing: Skrifberyming 2-3:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)